

Die liefde vir my broer

Teks: Ester 3: 1 - 15 & Sondag 40

Teksvers: Ester 3: 5 & 6

1. Inleiding

In hierdie gebroke wêreld waarin ons leef, het ons te doen met bose mense. Daar is vandag nog mense wat geweld aanhits tot op die punt van 'n volksmoord. Dit is uiteindelik hierdie gedagte van 'n volksmoord wat ons by die bybelboek ester kry. Daardie boek in die Bybel waarin die naam van die Here nie voorkom nie, maar Sy verlossende genade nie misgekyk kan word nie.

Maar wat lê uiteindelik aan die wortel van so 'n beweging tot volksmoord. Vanaand in ons teksgedeelte ontmoet ons Haman. Maar Haman is 'n bose mens. Hy het die begeerte om die ganse joodse volk uit te wis. Hy is selfs bereid om 'n groot bedrag geld aan die koningryk te skenk, om hierdie anti-semitiese plan tot uitvoering te bring. Die ander hoof figuur in ons teksgedeelte in Mordegai. Hy is 'n jood wat getrou aan sy Godsdiens net voor die Here buig.

Maar wat is uiteindelik die verskil tussen Haman en Mordegai? Wat leef in elkeen se hart wat hulle op die spesifieke manier laat optree. Dit bring ons by Sondag 40 van die Kategismus vanaand. Dit wat in Haman se hart leef

is haat. Maar dit wat in Mordegai se hart leef is liefde tot God en Sy naaste.

Kom ons bestudeer die uiteindelik uitkoms in elke situasie, want dan sal dit ook vir ons duidelik wees wat God in die sesde gebod van ons eis. Dit is uiteindelik soveel as om net nie iemand dood te slaan nie. Kom ons gaan kyk wat gee aanleiding tot die beroering in die stad Susan, terwyl die koning en Haman sit en drink.

2. Selfverheffing en eer

Ons teksgedeelte begin waar koning Ahasveros aan Haman eer bewys. Ons lees dat die koning hom verhef bo al sy ander amptenare. Dikwels is dit juis waar die probleme vir 'n mens begin. Want mag is uiteindelik heel bo aan die mens se behoeftes, nadat kos, klere, huisvesting en ander besittings bekom is, soek mense mag.

Maar daar is steeds 'n gesegde wat lei "Absolute mag lei tot Absolute korrupsie". En mens hoef dikwels nie verder as die regering van 'n land te kyk om dit raak te sien nie. Dit is natuurlik die gevolg van iemand wie se gesag en posisie sentraal in sy eie fokus staan. Dit is in hierdie selfverheffing en eer wat ons dan vir Haman aantref. Hy is absoluut die middelpunt van alles in sy lewe. En hy is bereid om selfs met geweld sy mag te laat geld.

Dit is uiteindelik die presiese die teenoorgestelde van die 6de gebod. 'n Mens kan uiteindelik nie eers sê dat dit is om my lewe belangriker te ag as die lewe van iemand anders nie. Dit gaan uiteindelik daarvoor om die lewe van my naaste te eis bloot omdat ek ongemaklik is. Bloot omdat hy weier om eer aan my te betoon soos teenoor Haman in ons teksgedeelte.

En dit is hier waar die kern van die 6de gebod in kom. Die 6de gebod gaan oor lewe. Selfs vandag nog kan die mens nie lewe skep of begin nie. God doen dit. Tog kan die mens lewe beëindig hier op aarde. Want deur die sonde het die dood in die wêreld gekom.

Uiteindelik mag 'n mens nie homself verhef tot op die punt wat dit die lewe van sy naaste gaan kos nie. Geen mens se eer is so hoog en belangrik dat 'n ander mens sy lewe daarvoor moet aflê nie. Want dit is uiteindelik om jouself in God se posisie te probeer stel. En dit is so lasterlik as wat dit klink.

3. Afguns

Dit is moeilik om in ons teksgedeelte 'n saak uit te maak oor afguns. Hoekom sal iemand van aansien soos Haman, dan afgunstig wees op Mordegai wat eintlik net 'n arm man uit 'n vreemde volk is. Tog is dit uiteindelik presies hoe afguns werk. Haman is afgunstig op die eer wat Mordegai aan God bewys. Prakties sien ons dit in die feit dat

Mordegai natuurlik bereid is om voor God te buig maar nie voor Haman nie. Want vir die gelowige is dit net ondenkbaar om voor enige aardse mense te buig in aanbidding.

Ons maak maklik van afguns slegs 'n materiele saak. Met ander woorde, 'n mens kan net afgunstig op die materiele besittings van 'n ander persoon wees. Maar in ons teksgedeelte sien ons die ander vorm van afguns. Afguns oor die verhouding en selfs aanbidding van iemand anders. In lyn met selfverheffing en eer, wil die bose mens daardie verhouding en aanbidding vir homself opeis. Wanneer Mordegai dan meer gehoorsaam aan God as aan mense is, is Haman woedend.

Hamman se woede is uiteindelik so groot dat hy sommer al die jode voor die voet wil uitwis. Dit natuurlik bloot omdat Mordegai 'n jood is. Sy woede en haat maak eintlik heeltemal onredelik. Dit is uiteindelik sy vrou en wyse manne om hom in hoofstuk 6 wat besef dat Haman nie hierdie geveg sal kan wen nie.

Dit is uiteindelik die opdrag in die 6de gebod. Ons bely duidelik in vraag 106 se antwoord dat die 6de gebod nie net fisies moorde en doodslag verbied nie. Die 6de gebod verbied alreeds afguns, haat en woede. Want uiteindelik is dit juis hierdie dinge wat uiteindelik aanleiding tot fisiese moord gee.

4. Sonde neem maklik lewens in beslag

Die ander belangrike les wat ons in ons teksvers sien, is dat sonde nooit beperk kan word nie. Dit kan nie veilig ingekamp, en onskadelik gestel word nie. Sonde het altyd 'n effek op die groter gemeenskap om dit. In ons teksgedeelte beïnvloed Haman se haat nie net homself negatief nie. Dit brei uit en beïnvloed vir mordegai en uiteindelik die hele joodse volk negatief. Dit raak lewensgevaarlik vir hulle.

Maar genadiglik is die teenoorgestelde ook waar. Want waar haat verder uitsprei en negatief beïnvloed, gebeur dieselfde met liefde. Die sonde en dood kom deur een man, Adam op die aarde. Maar verlossing en genade kom ook deur een man, ons Here Jesus Christus. Hy wat volmaak liefhet en Sy lewe aflê. Wat in volmaakte liefde ons vandag nog aanskou en red.

Dit is dan uiteindelik ook die gebod in die 6de gebod. Die opdrag om die liefde wat God deur die genadige verlossing in Christus in ons werk te gaan uit leef. Dit te gaan uitbou en bewys aan 'n wêreld buite ons. Die sonde van afguns, haat, woede en wraaklus kring so maklik uit en kry meer en meer navolgers in die greep. En juis daarom het gelowiges so groot roeping en opdrag om leifde te gaan bewys. In terme van die 6de gebod beteken liefde nie net dit minimum gebod om nie my naaste seer of dood Aand erediens

te maak nie. Dit beteken om in liefde die verbetering van die lewe van my naaste te soek. Om in liefde ander mense se behoeftes en belange belangrik genoeg te af dat ek ook diensbaar word.

5. Slot

Ons kan ter afsluiting prakties raak rondom die 6de gebod. Ons weet dat alle mense nie dieselfde is nie. Ons hemelse Vader skep ons elkeen uniek met unieke gawes. Maar ons mag nie hierdie gawes eenvoudig tot ons eie voordeel alleen gebruik nie. Ons staan in 'n besondere roeping as gevolg van die gawes waarmee ons geseën is. Prakties beteken dit dat ek hierdie gawes moet aanwend om ook die wêreld 'n beter plek te maak vir my broer en suster.

Want die 6de gebod maak nie onderskeid tussen moord en doodslag nie. Ek oortree steeds die 6de gebod wanneer iemand sterf as gevolg van my nalatigheid. Daarom moet my lewe ook met 'n definitiewe ingesteldheid op die lewensbehoud, maar ook lewensverbetering van ander mense wees. In die 6de gebod word ons ook opgeroep om liefde te bewys. In 'n wêreld waar individualiteit en die ydelheid van aansien en roem so maklik oorneem en mode word, is dit 'n vreemde boodskap. Tog sien ons duidelik in die lewe van ons Here Jesus Christus, dat Hy nie vasgekleef het aan roem en status nie. Hy was bereid om Sy lewe af te lê in liefde af te lê vir ons

verlossing. Ons kan deur kragtige werking van die Heilige Gees ook liefde in plaas van haat gaan bewys aan ander. Die sesde gebod is uiteindelik soveel meer as 'n blote kriminele verbod op moord en doodslag. Dit is ook 'n oproep tot liefde vir ons naaste.

Amen